2019/01/11
08:12 AM

# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2018/01/11 | DATUM 2018/01/10 | | | + - LAST WEEK 2018/12/24 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | *Data* |
| DJIA-index | 24002 | 122.80 | 0.5% | 23879 | 6.9% | 22445 |
| Goud (Spot) | 1293.56 | -1.74 | -0.1% | 1295.3 | 2.4% | 1263.17 |
| Brent $/vat | 61.16 | -0.18 | -0.3% | 61.34 | 12.8% | 54.24 |
| 1 € / US$ | 1.1525 | 0.00 | 0.0% | 1.1526 | 1.2% | 1.1388 |
| 1 US$ / ZAR | 13.80 | -0.120 | -0.9% | 13.92 | -5.0% | 14.53 |
| Corn | R 2 043.81 | -50 | -2.4% | R 2 093.36 | *CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day | |
| Wheat | R 2 604.28 | -40 | -1.5% | R 2 644.31 | * CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day | |
| Soybeans | R 4 620.36 | -40 | -0.9% | R 4 660.54 | * CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day | |

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Corn Dec 18 | 376.20 | -5.80 | -1.5% | 382.00 |
| Wheat Dec 18 | 513.60 | -3.40 | -0.7% | 517.00 |
| Soybeans Nov 18 | 911.20 | 0.00 | 0.0% | 911.20 |

PLAASLIKE MARKINLIGTING

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| SORGHUM Mar '19 | 3750.00 | 0.00 | 0.0% | 3750.00 |
| WMAZ Spot | 2925.00 | 13.00 | 0.4% | 2912.00 |
| WMAZ Dec 18 | 2985.00 | 10.00 | 0.3% | 2975.00 |
| WMAZ Jul 19 | 3078.00 | 12.00 | 0.4% | 3066.00 |
| YMAZ Spot | 2739.00 | 9.00 | 0.3% | 2730.00 |
| YMAZ Dec 18 | 2787.00 | -1.00 | 0.0% | 2788.00 |
| YMAZ Jul 19 | 2769.00 | -9.00 | -0.3% | 2778.00 |
| SOY spot | 4765.00 | 5.00 | 0.1% | 4760.00 |
| SOY May 19 | 4936.00 | 5.00 | 0.1% | 4931.00 |
| SUN Spot 18 | 5600.00 | 20.00 | 0.4% | 5580.00 |
| SUN May 19 | 5332.00 | 32.00 | 0.6% | 5300.00 |
| WHEAT Spot | 4445.00 | 9.00 | 0.2% | 4436.00 |
| WHEAT Mar 19 | 4505.00 | 9.00 | 0.2% | 4496.00 |
| WHEAT May 19 | 4576.00 | 8.00 | 0.2% | 4568.00 |

Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit

| | Invoerpariteit | Uitvoerpariteit |
|---|---|---|
| SORGHUM Mar '19 | 3467.00 | 1768.00 |
| WMAZ Spot | 3890.00 | 2113.00 |
| WMAZ Dec 18 | 3397.00 | 1906.00 |
| WMAZ Jul 19 | 3474.00 | 1982.00 |
| YMAZ Spot | 3340.00 | 2113.00 |
| YMAZ Dec 18 | 3397.00 | 1906.00 |
| YMAZ Jul 19 | 3474.00 | 1982.00 |
| SOY spot | 6062.00 | 4022.00 |
| SOY May 19 | 6524.00 | 4465.00 |
| SUN Spot 18 | 5862.00 | 4306.00 |
| SUN May 19 | 5862.00 | 4306.00 |
| WHEAT Spot | 4465.00 | 4145.00 |
| WHEAT Mar 19 | 4534.00 | 4214.00 |
| WHEAT May 19 | 4772.00 | 4452.00 |

BY DIE GELD PUT OPSIE

| | WM | YM |
|---|---|---|
| JUL '19 TERMYNPRYS | R 3 078.00 | R 2 769.00 |
| PUT TREFPRYS | R 3 080.00 | R 2 760.00 |
| PUT PREMIE | R 329.37 | R 187.50 |
| MIN SAFEX PRYS | R 2 750.63 | R 2 572.50 |

WEEK NR. 36

MIELIE UITVOERE

| | WM | YM | TM |
|---|---|---|---|
| WEEK TOTAAL | 3 342 | 1 804 | 5 146 |
| JTD TOTAAL | 313 946 | 1 425 716 | 1 739 662 |
| UITVOERBAAR | 1 550 000 | 2 455 000 | 4 005 000 |
| JTD AS % VAN UITVOERBAAR | 20% | 58% | 43% |
| TEMPO/WEEK BENODIG | 77 253 | 64 330 | 141 584 |

MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS

| | | | |
|---|---|---|---|
| WEEK TOTAAL | 605 | 432 | 1 037 |
| JTD TOTAAL | 6 271 131 | 5 499 480 | 11 770 611 |
| NOK SKATTING + REGSTELLINGS | 6 601 560 | 5 779 650 | 12 381 210 |
| % GELEWER VAN OES | 95% | 95% | 95% |
| TEMPO /WEEK BENODIG | 41 304 | 35 021 | 76 325 |

KORING INVOERE

| | 2018/19 | 2017/18 | 5 Jr. GEM |
|---|---|---|---|
| WEEK TOTAAL | 11 611 | 57 195 | 37 425 |
| JTD TOTAAL | 161 970 | 520 235 | 355 067 |
| TOTAAL BENODIG | 1 400 000 | 2 173 234 | 1 727 637 |
| JTD AS % VAN BENODIG | 12% | 24% | 21% |

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Mark Oorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R13.82/$ en het 10 sent versterk vanaf die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Statistiek SA het gister die November vervaardigingsektor se syfers bekend gemaak en dit het groei van 1.6% jaar op jaar getoon. Dit was min of meer in lyn met die algemene verwagting vir die maand. Die vergelyking met Oktober 2018 se syfers, is dat die plaaslike vervaardigingsektor 0.7% maand op maand gegroei het. Daar is oor die algemeen 'n positiewe verwagting vir die vooruitsigte vir 2019. Die algemene verwagting is dat die vervaardigingsektor gedurende 2019 beter behoort te vaar as gedurende 2018. Dit sal positief vir die plaaslike ekonomie wees, aangesien die vervaardigingsektor 'n groot rol in die plaaslike ekonomie speel. Ten spyte van die positiewe nuus vir van die sektore wat einde verlede jaar gerapporteer was, het die plaaslike sakevertroue gedurende Desember verlaag. Die sakevertroue word tot 'n groot mate beïnvloed deur die beleidsekerheid. Daar is tans baie onsekerhede in terme van beleidsaspekte en dit sal eers meer sekerheid moet kom daarin voordat die sakevertroue drasties behoort te verbeter.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliemark het gister onder druk gekom en het ongeveer 1% laer gesluit vir die dag. Die mark is onder druk aangesien daar nog nie werklik vordering getoon word met die handelsooreenkomste tussen die VSA en China nie. Alhoewel die mielies nie so groot geraak word soos ander kommoditeite nie het die onsekerheid in die handelsooreenkomste tog 'n negatiewe impak op die Amerikaanse mieliepryse. In ander internasionale voorspel 'n Brasiliaanse agentskap dat die mielie produksie vir die 2018/19 seisoen effens hoër behoort te wees as wat die skatting gedurende Desember gedoen was. Die verwagte mielie produksie in Brasilië word op 91.18 miljoen ton geskat. Die verwagte uitvoere vir die seisoen was onveranderd gelaat vanaf die vorige skatting en dit staan op 30.9 miljoen ton. Suid Korea het ongeveer 68 500 ton se mielies aangekoop op 'n internasionale tender. Hierdie mielies sal vanaf 'n opsionele oorsprong verkry word en dit is vir lewering gedurende Mei. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister gemeng verhandel met die meeste van die witmielie kontrakmaande wat effens hoër gesluit het vir die dag, terwyl die meeste van die geelmielie kontrakmaande effens laer gesluit het vir die dag. Die aanplantings van mielies in die weste sal bes moontlik nog tot vandag en miskien nog oor die naweek geskied in sommige gedeeltes vanwaar die produsente sal oorbeweeg na ander gewasse se aanplantings toe. Die plaaslike geel mieliepryse is tans reeds naby aan 'n invoerpariteitsprys vir lewering in die Weskaap. Volgens die SAGIS se intensies om in of uit te voer is daar 50 000 ton se geelmielie invoere reeds geboek vir lewering in die eerste week van Februarie. Daar is ook vir die week van die 22ste Februarie 56 675 ton se verwagte witmielie uitvoere gerapporteer.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister skerp onder druk gekom en het meeste van die prys toenames wat vroeër hierdie week plaasgevind het weer verloor. Die mark was onder druk aangesien daar tot dusver nog geen daadwerklike vordering was met die handel tussen die VSA en China nie. Sedert die handelsoorlog tussen hierdie twee lande gedurende Desember eers opgeskort is, is daar nog geen groot sojaboon aankope deur China gedoen nie. Die mark het verwag dat daar groot aankope gaan plaasvind na die samesprekings tussen hierdie twee lande wat positief was. In Brasilië is die verwagting dat die seisoen se sojaboon produksie laer behoort te wees as wat die vorige skatting was. Die produksieomstandighede was aanvanklik baie positief en die verwagting was gewees dat Brasilië weer 'n nuwe rekord produksie sal hê. Die omstandighede het vinnig verander na baie warm en droog toe wat 'n enorme negatiewe impak op die produksieverwagtinge in Brasilië het. Die verwagting is egter steeds dat die sojaboon uitvoere vir die seisoen onveranderd sal wees as wat in die vorige skattings gerapporteer was. **Plaaslik:** Die Plaaslike sojaboonmark het gister nie groot beweging getoon nie en die mark het byna onveranderd gesluit vir die dag.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmark het gister ook hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in al drie die Amerikaanse koringmarkte. Dit sluit in beide die harde en sagte rooi winterkoringmarkte asook die lentekoring mark. In ander internasionale nuus word gerapporteer dat Suid Korea ongeveer 65 000 ton se koring aangekoop het op 'n internasionale tender vanaf opsionele oorsprong. Jordanië het 'n tender uitgesit om 119 750 ton se maalkwaliteit koring aan te koop, maar daar is nog geen aankope op die tender gemaak nie. China het gister ongeveer 4 380 ton se staatsreserwe koring op 'n veiling verkoop. Dit verteenwoordig ongeveer 0.7% van die totaal wat te koop op die veiling aangebied was. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister ondersteuning gevind en het effens hoër gesluit vir die dag alhoewel daar nie groot prysbewegings vir die dag getoon was nie. In gister se weeklikse SAGIS invoerverslag is aangetoon dat die koring invoere vir die week 11 611 ton was. Die totale invoere vir die seisoen tot datum is 161 970 ton.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
**Internasionale Markinsigte & Data:** *www.usda.co.za*

***Opgestel deur*** *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke* / ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*